

KONINKRYK. SUPPLEMENT 3

[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] INLEIDING OP DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

Ons behandel die oorsprong van hierdie brief: Wie het dit geskrywe? Wanneer en is dit geskrywe? Hoe word hierdie brief ingedeel? Wat is die inhoud van hierdie brief? Wat is die belangrikste boodskap van die brief? Hoe moet ons bepaalde moeilike punte in hierdie brief uitlê?

A. DIE SKRYWER VAN DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

Die skrywer is 'n Jood (Romeine 9:3-4) wat goed bekend is met sowel die Hebreeuse teks van die Ou Testament as die Griekse vertaling daarvan. Hy is ook op hoogte van die Joodse menings en vooroordele en die Griekse wêreld. Die skrywer van die brief aan die Romeine is ewe goed vasgestel as die skrywers van die ander Bybelboeke en selfs skrywers van boeke in die antieke wêreld. In die brief aan die Romeine introduceer Paulus homself as die skrywer (Romeine 1:1) en hy spreek op verskillende plekke in die brief in die eerste persoon. Al die ou kerkvaders bevestig dat Paulus die skrywer van die brief aan die Romeine is.

B. DIE GEADRESSEERDES VAN DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

Hoe het die gemeente te Rome tot stand gekom?

1. Die verstrooiing van die Jode na verskillende lande.

Die verstrooiing van die Jode het met die ballingskap van die noordelike koninkryk van Israel na Assirië in die 8^{ste} eeu v.C. en die ballingskap van die suidelike koninkryk van Juda na Babilon in die 7-6^{de} eeu v.C. begin. Ook na die verstrooiing het baie Jode in Babilonië (modern Irak), Persië (modern Iran), Egipte, Soedan, Sirië, Klein Asië (modern Turkye), Griekeland en Italië gewoon. Deur hierdie voorsienigheid van God was die verstrooiing van die Jode die belangrikste rede hoekom die evangelie so vinnig na baie lande in die ou Romeinse Ryk versprei het. Die Jode het van die Romeine toestemming gekry om hul godsdiens volgens eie gewoontes oral in die Romeinse Ryk te beoefen. Hulle het orals in hierdie lande sinagoges gebou (plekke waar hulle byeenkomste gehou het). Baie nie-Jode (heidene) het die sinagoge byeenkomste bygewoon, het aangetrokke gevoel tot die monoteïsme (die aanbidding van maar één God) in die Ou Testament en het hulle tot die Joodse godsdiens bekeer.

Nie-Jode (heidene) wat hulleself laat besny het en die hele Joodse Wet onderhou het, is “proseliete” (Grieks: prosélutoi) (mense wat van één godsdiens na 'n ander godsdiens oorgegaan het) (Handelinge 2:10; 13:43) genoem. Nie-Jode (heidene) wat alleen maar geglo het in die enige God van die Bybel en ook die Tien Gebooie (Eksodus 20:1-17) aanvaar het, maar hulle nie laat besny het nie en ook die res van die seremoniële wet nie onderhou het nie, is “vereerders van God” (Grieks: sebomenoi) genoem (Handelinge 16:14). In Handelinge 13:42-43 het mense (waarskynlik mense wat vroeër heidene was) aangedring dat Paulus en Barnabas hulle weer in die sinagoge kom toespreek. Daarna het baie Jode, proseliete en vereerders van God hulle gevolg. Hulle (Paulus en Barnabas) het hierdie Jode, proseliete en vereerders van God vanuit die heidene aangespoor om by die genade van God (d.w.s. die christelike boodskap) te bly.

Omdat die apostels van Jesus Christus almal Jode was, het hulle vrye toegang tot die sinagoges gehad waar hulle die evangelie kon verkondig en verhoudings met die Jode kon opbou sonder om die argwaan van die owerheid op te wek. Hierdie proseliete en vereerders van God was baie bereid om die evangelie aan te neem en het die kern van baie nuwe christelike gemeentes onder die nie-Jode (heidene) in al hierdie lande gevorm (Handelinge 13:43-49).

2. Die Jode in Rome.

Baie Jode en proseliete het in Rome, die hoofstad van die Romeinse Ryk, gewoon. Eers was baie van hulle gevangenes, maar het na hul bevryding in Rome bly woon, veral in 'n gemeenskap aan die oorkant van die Tiber rivier. Hulle het baie invloed op die Romeine gehad. Romeinse skrywers sê dat sinagoges plekke was waar baie mense graag heen gegaan het. Hulle het die spot gedrywe met Romeine wat Jode geword het en sê dat Romeinse proseliete geld (gawes) aan Jerusalem gestuur het, veral in tye van droogte (sien Handelinge 11:28-30).

3. Die oorsprong van die gemeente in Rome.

Dit is nie bekend hoe die evangelie vir die eerste keer na Rome gekom het nie.

(1) Die bediening van Jesus.

Die vroegste bediening onder die Romeine was van Jesus Christus Self. In sy bediening het Hy Hom ook gerig op niet-Jode (Matteus 8:5-11; Johannes 4:7; 12:20-21). Byvoorbeeld in Matteus 8:5-12 het Hy die slaaf van 'n Romeinse offisier genees.

(2) Die bediening van Petrus.

Op die eerste Pinksterdag (Mei 30 n.C.) was daar Jode sowel as proseliete in Jerusalem aanwesig om die Pinksterfees te vier (Handelinge 2:10-11). Daar was waarskynlik ook proseliete aanwesig onder die drieduisend mense wat hulle tot Jesus Christus bekeer het na die verkondiging van die apostel Petrus. Hulle het na hul terugkeer die evangelie in Rome versprei.

Die tradisie dat die apostel Petrus die gemeente in Rome gestig het, is moontlik en is gebaseer op 'n uitspraak van Dionysius van Korinte in die tweede helfte van die tweede eeu n.C. Die gebeurtenisse wat in Handelinge 1 tot 12 beskrywe word, het tussen 30 en 44 n.C. plaasgevind. Dit is moontlik dat die apostel Petrus Rome op verskillende geleenthede besoek het om Joodse Christene wat daar woon op te bou. In 36 n.C. was Petrus in Jerusalem en hy die pas bekeerde Paulus ontmoet (Handelinge 9:26-28; Galasiërs 1:18). In ongeveer 40 n.C. het die apostel Petrus die evangelie verkondig aan nie-Jode (heidene) in Caesarea (Handelinge 10:1-48). Dit was nog vóór keiser Claudius geregeer het (Handelinge 11:28) en koning Herodus (Handelinge 12:1) die heerskappy oor Judea van Claudius ontvang het. Vanaf 41 n.C. het die houding van die Jode te Jerusalem teenoor die apostels verander. In 44 n.C. het Herodus Petrus laat arresteer en in die gevangenis gegooi. Die christengemeente het vir hom gebid in die huis van die moeder van Markus. Petrus is toe op wonderbaarlike wyse deur 'n engel uit die gevangenis bevry. Toe het Petrus ook Jerusalem verlaat (Handelinge 12:1-17). Omdat die Christene in hul huis saamgekom het, het Markus waarskynlik die apostels en vroeë volgelingen van Jesus Christus leer ken.

(3) Die bediening van Markus.

Volgens die getuienis van vroeë kerkvaders het Markus saam met Petrus in Rome gearbei. Dit het waarskynlik in die periode na 44 n.C. gebeur nadat Petrus Jerusalem verlaat het en na 'n ander plek gereis het.

Die kerkvader Eusebius het in 300 n.C. geskrywe: "Markus, die dissipel en uitlegger van Petrus, het (in sy Evangelie van Markus) geskrywe wat Petrus verkondig het." Die kerkvader Clemens van Aleksandrië het in 190 n.C. geskrywe: "Die aanleiding vir die skrywe van die Evangelie van Markus (die eerste van die vier Evangelies) was die volgende: Petrus het die Woord in die openbaar in Rome verkondig ... Markus was vir 'n lang tyd sy volgeling en kon sy verkondiging goed onthou. Baie mense wat aanwesig was het Markus aangespoor om alles wat Petrus verkondig op te teken. Dit het hy gedoen en die Evangelie van Markus onder hulle wat dit gevra het, versprei. Toe Petrus dit gehoor het, het hy dit nie sterk verbied of bevorder nie."

En die kerkvader Papias, wat 'n dissipel van die apostel Johannes was, het in 115 n.C. geskrywe: "Markus het die vertolker van Petrus geword en het ... wat hy kon onthou oor wat die Here gesê en gedoen het ... opgeteken. ... Markus het noukeurig aandag geskenk om niks van wat hy gehoor het, weg te laat nie of te vervals nie." Daar is geen rede om die eenduidige getuienis van die ou geskiedskrywers in twyfel te trek dat Markus hierdie Evangelie geskrywe het nie en dat hy dit op die prediking en onderrig van die apostel Petrus te Rome gebaseer het. Markus het sy Evangelie van Markus tussen 44-46 n.C. te Rome voor de Romeine geskrywe.

(4) Die bediening van ander Christene.

Mense het na alle dele van die Romeinse Ryk gereid langs 'n netwerk van Romeinse paaie en met bote wat tussen begin Maart en die middel van November gevaar het. Die Nuwe Testament spreek oor verskillende groot reisigers na en van Rome. Priscilla en Akwila het van Pontus (in Klein Asië) na Rome gereis, van Rome na Korinte (Handelinge 18:2), van Korinte na Efese (Handelinge 18:18-19; 1 Korintiërs 16:19), van Efese na Rome (Romeine 16:3) en weer van Rome na Efese (2 Timoteüs 4:19).

Ook Lukas, Timoteüs, Titus en Paulus het uitgebreide reise gemaak (2 Korintiërs 11:25-26). Daar was baie verkeer tussen Rome en al haar provinsies en mense het baie gereis in daardie periode. Die sendingsgerigte gemeente in Antiogië (in Sirië) het reisigers na Rome gehad en het miskien die eerste die evangelie na Rome gebring. Hulle het in elk geval die bestaande gemeente te Rome versterk. Op dieselfde wyse het die gemeentes te Filippi, Korinte en Efese saamgewerk, omdat daar baie verkeer tussen hierdie stede was.

Paulus het in Romeine 1:8 geskrywe dat "mense in die hele wêreld oor die geloof van die Christene in Rome gepraat het". Daarom het die gemeente van Rome al baie jare bestaan. Die Romeinse skrywer, Suetonius (in Vita Claudii xxv:4, 75-160 n.C.) het geskrywe: "Omdat die Jode voortdurend op aansporing van "Chrestus" die rus versteur het, het Claudius hulle (hierdie Joodse Christene) uit Rome verban." Hy verwys na die woordstryd tussen Jode wat Christene geword het en Jode wat vyandig teenoor die christelike geloof gebly het. Priscilla en Akwila het al daarvoor Christene geword en het in 49 n.C. van Rome na Korinte gevlug. Die konklusie moet waarskynlik wees dat die gemeente van Rome deur die getuienis van gewone Christene tot stand gekom het.

(6) Die bediening van Paulus.

Tydens sy eerste drie sendingsreise tussen 47-57 n.C., was Paulus bekend met verskillende Christene uit die gemeente te Rome (Romeine 16:3-15). Hy het self eers in 60 n.C. as gevangene na Rome gekom omdat hy hom op die keiser beroep het oor die regsak wat die Jode teen hom aangespan het (Handelinge 25:1-12). Nietemin was Paulus baie effektief in sy verkondiging van die evangelie in die gevangenis te Rome, sodat selfs aan die hele keiserlike hof (wag) en al die ander beseft het dat hy ter wille van Jesus Christus 'n gevangene geword het (Handelinge 28 en Filippense 1:12-14). Vanuit sy gevangenis te Rome het Paulus briewe geskrywe aan die Kolossense, Filemon, Efesiërs en

Filippense in 60-61 n.C. Tydens sy tweede gevangenskap te Rome het hy sy laaste brief, 2 Timoteüs, in ongeveer 64/65 n.C. geskrywe. Petrus was toe niet in Rome nie, anders sou Paulus oor hom geskryf het.

(7) Die Christelike tradisie aangaande die bediening van die apostels in Rome.

Terwyl die apostel Paulus besig was met sy vierde sendingsreis tussen sy eerste en tweede gevangenskap te Rome tussen 61-64 n.C., was die apostel Petrus en Markus in Rome (1 Petrus 5:13). Petrus het sy twee briewe ongeveer in 63 n.C. vanuit Rome geskrywe. 'n Latynse kerkvader in die vierde eeu, Ambrosiaster, het in sy kommentaar op die brief aan die Romeine geskrywe dat die gemeente te Rome nie deur die apostels gestig was nie, maar deur sekere Joodse Christene wat "'n Joodse vorm" op die gemeente te Rome gestempel het (vgl. hierdie uitspraak met Handeling 15:1 en 21:24). Die kerkelike tradisie dat die apostel Petrus 25 jaar lank *die biskop* van Rome was tussen 42-67 n.C. is erg twyfelagtig, omdat die apostel Paulus nie sou nalaat so 'n belangrike feit in sy brief aan die Romeine te noem nie en Lukas in sy boek Handeling nie sou nalaat dit te vermeld nie. Bowendien het *biskoppe eers tot stand gekom gedurende die tweede eeu n.C.*¹

4. Die omstandighede van die gemeente te Rome.

Die gemeente te Rome het uit 'n meerderheid van gelowiges vanuit die nie-Jode (heidene) en 'n minderheid van gelowiges vanuit die Jode bestaan (Romeine 1:5-6,13; 11:13; 15:9-18). Dit het tot spanning binne die gemeente gelei:

(1) Die apostel Paulus bestry bepaalde menings waaraan die Jode en Joodse proseliete vasgehou het.

Die Jode het geglo dat fisies afstamming van Abraham, die besnydenis en die hou van die wet voldoende was om die guns van God te wen. Die Joodse godsdienstige leiers het geleer dat "God aan Abraham beloof het dat God sy nageslag sou red (verlos, regverdig) op grond van die verdienste van Abraham, ongeag hoe goddeloos en sondig die Jode daarna ook al sou lewe". Hulle het ook geleer dat "geen besnede mens ooit na die hel sou gaan nie" en dat "heel Israel aan die ewige lewe deel sou hê".

Die Jode het geglo dat die seëninge van die messiaanse koninkryk beperk sou bly tot Jode en proseliete (mense wat hul tot die Jodedom bekeer het). Maar binne hierdie koninkryk sou daar 'n verskil wees. Die rasegte Jode sou in hierdie teokratiese koninkryk hoog bo die nie-Jode verhoog word. Die teokratiese koninkryk met al haar seëninge sou alleen aan Israel behoort (dus: die eerste klas Jode). Heidene (nie-Jode) kon alleen 'n ondergeskikte plek in hierdie koninkryk kry deur Jode (proseliete) te word (dus: die tweed klas Jode).

Die Jode het geglo dat hulle as Jode nie verplig was om hulle aan die gesag van die nie-Joodse (heidense) owerhede te onderwerp nie. Hulle het ook getwyfel of hulle belastings moet betaal aan hierdie heidense owerhede en hulle het die heidene verag. Dit het telkens weer tot rebellie in die Joodse geledere gelei en tot die verbanning van Jode uit Rome en uiteindelik tot die vernietiging van Jerusalem met haar tempel in 70 n.C.

(2) Die apostel Paulus het die Christene uit die heidene tereggewys omdat hulle die gewetensbesware van die Christene vanuit die Jode nie ernstig geneem het nie.


Die "Christene wat swak in die geloof was" was Christene wat uit die geledere van die Jode en proseliete gekom het. Hulle het nog die wet onderhou (was besny, het die Sabbat, Joodse feeste en voedselwette onderhou). "Die Christene wat sterk in die geloof was" was Christene wat uit die geledere van die heidene (Romeine) gekom het en nie met die Joodse seremoniële wette bekend was nie. Paulus het "die sterk Christene" beveel om nie die swak Christene vir hulle oortuigings te verag nie. En hy het die swak Christene beveel om nie die sterk Christene vir hul oortuigings te veroordeel nie (Romeine 14:1 tot 15:13).

(3) Die apostel Paulus het geleer dat daar maar één evangelie of boodskap van verlossing is vir sowel heidene as Jode.

Sowel heidene as Jode het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid (die volmaakte standaard vir geregtigheid) van God nie. Almal mis die doel van God vir hul lewe (naamlik: om die heerlike kenmerke van God te besit)(Romeine 3:23).

Sowel Jode as heidene word in die Ou en die Nuwe Testament op dieselfde manier geregverdig (verlos), naamlik deur geloof in Christus en sy volbragte verlossingswerk sonder die werke van die wet (Romeine 3:24-25,28).

Sowel Jode as heidene wat in Jesus Christus glo, is "die ware kinders van Abraham" (Romeine 4:11-12).



¹ Sien Dota handleiding 4, supplement 19, "Ontwikkeling van leierskap in die kerkgeskiedenis". B. Biskoppe.

Kortom, “Dit maak geen verskil of ’n mens ’n Jood of ’n Griek (’n heiden) is nie”.² Want dieselfde Here is die Here van almal en Hy seën almal wat Hom aanroep ryklik (Romeine 10:12-13).

C. DIE DATUM EN PLEK VAN DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

1. Die plek waar die brief aan die Romeine geskryf is.

Aan die einde van sy derde sendingsreis, het Paulus deur Masedonië na Korinte gereis (Handelinge 20:2-3). Dit was sy derde besoek aan Korinte. Hy het vóór die winter 56 n.C. in Korinte aangekom en drie maande lank daar gebly. Alles dui daarop dat Korinte die plek was waar Paulus die brief aan die Romeine geskrywe het. Hy het die kollekte van die Christengemeentes in Masedonië en Agaje vir die arm Christene in Jerusalem ontvang en was dus in die omgewing aanwesig (Romeine 15:25-26). Hy het groete van Gaius en Erastus (Romeine 16:23) wat Korintiërs was, oorgedra (1 Korintiërs 1:14; 2 Timoteüs 4:20). Paulus noem ook Kenchreë (Romeine 16:1) wat die oostelike hawe van Korinte gevorm het.

2. Die tyd wanneer die brief aan die Romeine geskrywe is.

Omdat Paulus die plan gehad het om Jerusalem vóór die Pinksterfees te bereik (Handelinge 20:16) het hy die brief aan die Romeine teen die einde van die winter of die begin van die lente in 57 n.C. in Korinte geskrywe. Dit word aangeneem dat Febe hierdie brief na Rome saamgeneem het, omdat Paulus haar bij die gemeente van Rome aanbeveel (Romeine 16:1-2).

Sy doel was om onderrig te gee oor: “Die regverdiging (ANV: vryspraak) is uit genade en deur geloof”. In Romeine 15:23-24 sê Paulus dat sy sendingswerk in die oostelike deel van die Romeinse Ryk tot ’n einde gekom het en dat hy van plan was sendingswerk in die westelike deel van die Romeinse Ryk te begin, veral in Rome en in Spanje. Paulus het gevoel dat *daardie tyd nou aangebreek het* (Romeine 1:10).

Daarom het hy hierdie brief aan die Romeine teen die einde van sy derde sendingsreis in 57 n.C. geskrywe

3. Die datums met betrekking tot die derde sendingsreis van Paulus.

Die datums met betrekking tot die derde sendingsreis van Paulus word bepaal deur die tye waarin Felix en Festus Romeinse goewerneurs van Judea was. Felix was goewerneur van Judea tussen 52-59 n.C. en Festus tussen 59-61 n.C. Paulus ist twee jaar lank gevange gehou vóór Festus goewerneur geword het (Handelinge 24:27). Dus het Paulus twee jaar lank gevange gesit in Sesarea van 57-59 n.C. en was die datums van die derde sendingsreis tussen 53-57 n.C.

D. DIE DOEL VAN DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

1. Paulus het verlang na ’n persoonlike bediening in Rome.

Volgens Romeine 15:23 het die einde van Paulus se sendingswerk in die oostelike deel van die Romeinse Ryk aangebreek en het hy daarna verlang om sendingwerk in die westelike deel van die Romeinse Ryk te doen, veral in Rome en in Spanje. Paulus was beskeie oor sy voorgenome besoek aan Rome en het gesê dat hy verwag om nie alleen ’n oes onder hulle te hê nie, maar ook persoonlik bemoedig te word deur hulle geloof. Nietemin was hy ywerig om die evangelie in Rome te verkondig (Romeine 1:8-15). Hy was nie seker of dit wel sou gebeur nie, omdat hy dit al eerder probeer het en deur die teenstand van veral die Jode in Jerusalem verhinder is (Handelinge 20:3,22-23).

2. Paulus het die Christene in Rome gehelp om hul te verdedig teen die aanvalle van die Jode.

Die besef dat hy miskien nooit die broeders in Rome sou sien nie, het hy ’n so volledig as moontlike brief aan die Christene in Rome geskrywe. Sy styl laat ons dink aan die manier waarop Paulus gedurende sy sendingsreise met die ongelowige Jode gedebatteer het (Romeine 4:1; 6:1; 7:7; 8:31; 9:14,30). Paulus wis dat die Christene in Rome te midde van ’n geweldige meerderheid van nie-Christene geleef het en hy wou die Christene help hoe hulle die christelike geloof teenoor hul teëstanders moes verdedig en hulle selfs vir die geloof in Jesus Christus kon wen.

² Die Gemeente/Kerk in die Ou Testament en die Nuwe Testament word met presies die selfde name genoem. God se (letterlik:) eersgebore seun (Eksodus 4:22; Jeremia 31:9; Hebreërs 12:23); God se seuns en dogters (Jesaja 43:6-7; 2 Korintiërs 6:18); Die stad Jerusalem (’n simbool vir God se volk) word “’n vrou of ’n bruid of ’n eggenoot” genoem (Jesaja 54:1,5-6; Openbaring 21:9-10); Die twaalf stamme (Genesis 49:28; Jakobus 1:1; Openbaring 7:4; Openbaring 21:12); ’n Koninkryk van priesters (Eksodus 19:6; 1 Petrus 2:9; Openbaring 1:6); ’n heilige volk (Eksodus 19:6; 1 Petrus 2:9); ’n uitverkore geslag (Deuteronomium 7:6; 1 Petrus 2:9); God se persoonlike eiendom (Eksodus 19:5; Deuteronomium 7:6); die eie volk van die grote God en Verlosser, Jesus Christus (Titus 2:13-14); God se verbondsvolk (Levitikus 26:12; 2 Korintiërs 6:16); ’n verstrooide volk, ’n verdrewe volk, ’n swerwende volk, vreemdelinge (Deuteronomium 30:1; Psalm 105:10-13; Esegjël 12:15; Ester 3:8; 1 Petrus 1:1); Die eerstelinge van God se oes (Jeremia 2:3; Jakobus 1:18); Skape (één kudde) uit die kraal van Israel en uit die krale van die ander volke (Esegjël hoofstuk 34; Johannes 10:16); Israel (1 Samuël 7:23; Galasiërs 6:14-16); Jode (Sagaria 8:22-23; Romeine 2:28-29); Sion (ook ’n simbool vir God se volk) (Jesaja 51:16; Jesaja 52:7; Hebreërs 12:22-24); Die huidige Jerusalem (wat hieronder is en in slawerny aan die wet verkeer) en die Hemelse Jerusalem en die Nuwe Jerusalem wat daarbo is (Galasiërs 4:25-26); Die Hemelse Jerusalem (Hebreërs 12:22); die Nuwe Jerusalem (Openbaring 21:2) en die Heilige Jerusalem (Openbaring 21:10); Die tempel van God (ook ’n simbool vir God se volk) (2 Korintiërs 6:16); Joodse en nie-Joodse gelowiges wat mede-erfename van Israel is, saam lede van één Liggaam is, en saam deel het aan sy belofte in Christus (Efesiërs 3:6; 2 Korintiërs 1:20). Gesalfde mense (Christene) wat tussen ander mense in die wêreld lewe (Hebreeus: meshichi; Grieks: christoi) (Psalm 105:15) (Handelinge 11:26) (Grieks: christianous)! Sien handleiding 3, supplement 12.

Die brief aan die Romeine is eintlik geen volledige samevatting van die Christelike leerstellings nie. Maar Paulus wys wel presies wat die Christene te Rome nodig gehad het.

Onder inspirasie van die Heilige Gees het hy geskrywe:

- Romeine 1-8 oor hoe sondaars gered (verlos, geregverdig, vrygespreek) word. Ook die Christengemeentes en individuele Christene in die res van die wêreld het hierdie fundamentele Christelike leer en praktyk nodig.
- Romeine 9-11 oor die plek van Israel (die Jode) ná die eerste koms van Jesus Christus.
- Romeine 12-16 oor die praktiese Christenlewe en in hoofstuk 14 spesifiek oor bepaalde aspekte van die wet.³

3. Paulus het die Christene te Rome vermaan hoe hulle hul moes gedra.

Rome was die hoofstad van die Romeinse Ryk. Dit was 'n groot stad met verskillende nasionaliteite wat daar gewoon het. Paulus het die Christene vermaan hoe hulle hul moes gedra teenoor mekaar, teenoor hul vyande en teenoor die owerheid. En hy het die sterk en swak Christene geleer om mekaar te aanvaar.

4. Paulus het die medewerking van die Christene te Rome gevra vir sy voorgename reis na Spanje.

In Romeine 15:24 het hy gesê dat hy gehoop het dat die gemeente te Rome hom sou help om 'n sendingsreis na Spanje te maak.

Omdat Paulus verskillende doele gehad het vir die skrywe van sy brief aan die Romeine, kan ons sy doel met behulp van sy eie woorde in 1 Korintiërs 9:22 en 10:31 formuleer: “Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.” En “Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.”

E. DIE INDELING VAN DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

Die brief aan die Romeine kan ons die volgende titel (opskrif) gee:

“Romeine – die evangelie aangaande God se geregtigheid (vryspraak).”

Die brief leer ons om Jesus Christus te ken wat vir ons die geregtigheid van God geword het.

Die tema van Romeine staan in Romeine 1:16-17 geskrywe: “Die evangelie is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood (die heiden) ... Soos daar geskrywe staan: Elkeen wat deur God geregverdig (ANV: vrygespreek) is, omdat hy glo, sal lewe” (Letterlik: “Die regverdigde sal uit geloof lewe”).

Die brief aan die Romeine mag in twee dele verdeel word:

1. Die leerstellige deel: Glo in God se geregtigheid (vryspraak, verlossing)(Romeine 1 – 11).

Hierdie deel mag in vier onderdele verdeel word:

(1) Die eerste onderdeel: Die noodsaaklikheid van God se geregtigheid.

Dit staan geskrywe in Romeine 1:1 tot 3:20.

- In Romeine 1 behandel hy die groot sondes van die heidene en toon dus aan dat die heidene God se geregtigheid nodig het.
- In Romeine 2 behandel hy die groot sondes van die Jode en toon dus aan dat ook die Jode God se geregtigheid nodig het.
- In Romeine 3:1-20 trek hy die konklusie dat sonde en die veroordeling van sonde universeel is. Puur menslike geregtigheid (hetsy deur godsdienstige werke van die wet, hetsy deur goeie werke van die mens) bestaan nie in hierdie wêreld nie!

(2) Die tweede onderdeel: Die weg tot God se geregtigheid.

Dit staan geskrywe in Romeine 3:21 tot 4:25.

- In Romeine 3:21-31 leer Paulus dat God se geregtigheid geopenbaar is in die soenoffer van Jesus Christus aan die kruis. Elke mens mag God se geregtigheid verniet ontvang, alleen deur geloof in Jesus Christus.
- In Romeine 4, bewys Paulus dat God se geregtigheid deur die geloof ook die weg van verlossing gedurende die Ou-Testamentiese periode was.

(3) Die derde onderdeel: Die uitwerkings van God se geregtigheid.

Dit staan geskrywe in Romeine 5 tot 8.

- In Romeine 5 produseer God se geregtigheid vrugte soos vrede met God en volkome sekerheid van die ewige lewe.
- In Romeine 6 is God se geregtigheid onlosmaaklik verbonde aan 'n heilige lewe.
- In Romeine 7, word dit duidelik dat die Christen vrygemaak is van (die onderhouding van) die wet soos dit deur die Joodse godsdienstige leiers uitgelê word (Romeine 7:1-6); dat elke sonder die funksies van God se morele wet bly ervaar (Romeine 7:7-13); en dat elke Christen nog steeds die stryd teen die wet van die sonde in sy teenwoordige liggaam ervaar (Romeine 7:14-25).

³ Die wet word “tora” in die Hebreeuse taal genoem en “sharia” in die Arabies.

- In Romeine 8 ervaar die Christen die werk van die Heilige Gees (Romeine 8:1-27) en is Christene “in al hierdie dinge (wat ons deurmaak in die wêreld) meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet” (Romeine 8:28-39).

(4) Die vierde onderdeel: Die Gewer van God se geregtigheid.

Dit staan geskrywe in Romeine 9 tot 11.

- In Romeine 9 handhaaf Paulus God se geregtigheid en trou, ten spyte van Israel se ongeloof en ongehoorsaamheid. Israel se ongeloof en daaropvolgende verwerping deur God was nie totaal nie: daar was altyd ’n oorblyfsel van ware en troue gelowiges (in die God van die Bybel en sy Messias/Christus)(Psalm 2:2).
- In Romeine 10 leer Paulus dat God se geregtigheid (alleen) beskikbaar is in Jesus Christus en (alleen) gegee word aan elkeen wat in Jesus Christus glo, ongeag of hy ’n Jood of ’n nie-Jood (heiden) is. Israel se ongeloof en daaropvolgende verwerping deur God was nie willekeurig nie: God se uitnodiging tot verlossing (redding, regverdiging) word vandag nog steeds gerig tot Jode.
- In Romeine hoofstuk 11 gebruik God die gedeeltelike verharding van Israel om groot getalle nie-Jode (heidene) te verlos en gebruik Hy die verlossing van die heidene om groot getalle Jode (d.w.s. Israel) te verlos (Romeine 11:11-24). Israel se ongeloof en daaropvolgende verwerping deur God was nie finaal nie: God wil nie alleen die volheid (die volle getal van die uitverkorenes) van die heidene verlos (red, regverdig) nie, maar ook die volheid (die volle getal van die uitverkorenes) van die Jode. Dit beteken dat alle mense wat God *vóór die skepping van die wêreld* uitverkore het (Romeine 8:29; Efesiërs 1:4; 2 Tessalonisense 2:13; 2 Timoteüs 2:9b) baie seker *gedurende die geskiedenis van hierdie wêreld* in Jesus Christus sal gaan glo (Romeine 8:30; 11:25-32; 2 Tessalonisense 2:14; 2 Timoteüs 2:9a,10).

2. Die praktiese deel: Doen God se geregtigheid (Romeine 12 - 16).

Hierdie deel mag in twee onderdele verdeel word:

(1) Die eerste onderdeel: Die sigbare demonstrasie van God se geregtigheid.

Dit staan geskrywe in Romeine 12:1 tot 15:13.

- Romeine 12 gee onderrig oor hoe Christene hulle behoort te gedra teenoor God, ander Christene en die teenstanders.
- Romeine 13 gee onderrig oor hoe Christene hulle behoort te gedra teenoor die owerheid, teenoor hul naaste en teenoor Christus.
- Romeine 14:1 tot 15:13 gee onderrig oor hoe die sterk en die swak Christene hulle teenoor mekaar behoort te gedra.

(2) Die tweede onderdeel: Die medewerkers van God se geregtigheid.

Dit staan geskrywe in Romeine 15:14 tot 16:27.

- Romeine 15:14-33 beskryf die bediening van Paulus onder die nie-Jode (die heidene), sy beleid en sy planne.
- Romeine 16 beskryf ander medewerkers van God se geregtigheid.

F. DIE BELANGRIKSTE BOODSKAPPE VAN DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

1. God openbaar Homself aan mense in die geskiedenis.

God openbaar Homself in die skepping: in die geskape natuur en in die geskape mens. Hy openbaar dat Hy (God) werklik bestaan en baie magtig is deur middel van sy skepping (Romeine 1:19-20). Hy openbaar sy morele wette in die hart en gewete van die mens (Romeine 2:14-15). God openbaar Homself ook deur sy oordele van die sondes van die mens (Genesis 6:5,11-13), deur sy sorg vir die mens (Handelinge 14:17 en 17:24-28) en deur die verkondiging van die evangelie (Matteus 24:14). Omdat God sy bestaan en sy wil aan alle mense geopenbaar het, kan geen enkel mens hom voor God verontskuldig nie (Romeine 3:11,19).

2. Alle mense in die geskiedenis het gesondig en het God se geregtigheid nodig.

“Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Romeine 3:23). “Om te sondig” beteken om kort te skiet aan die volmaakte standaard van God vir hul lewe, naamlik, om God se heerlike teenwoordigheid en karaktereenskappe uit te lewe. Daarom is daar volgens Romeine 3:10-11 geen verskil tussen één volk en ’n ander volk nie.

Alhoewel sommige mense dink dat hulle *regverdig is en na die Paradys sal gaan* omdat hulle die godsdienstige wette onderhou⁴, is geen mens van nature regverdig in die oë van die God van die Bybel nie! Alhoewel mense weet dat daar probleme in die wêreld is, is daar geen mens wat sy eie betreurenswaardige toestand in die oë van God verstaan nie. Alhoewel mense wetenskaplike en filosofiese kennis en antwoorde soek, is daar geen mens wat in sy eie krag die God van die Bybel soek. Hy alleen is die Bron van wysheid en verlossing.

Omdat alle mense in die wêreldgeskiedenis gesondig het, het alle mense in die wêreldgeskiedenis verlossing nodig! D.w.s., hulle het nie die geregtigheid wat die God van die Bybel vereis om geregverdig (gered, verlos) te word nie.

Vergelyk wat Jesus hieroor sê. “Wie nie glo nie, *is reeds veroordeel* omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie” (Johannes 3:18). “Wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar *die straf van God bly op hom*”

⁴ Die godsdienstige wette is: (1) glo dat God één is, (2) drie keer per dag te bid, (3) bepaalde tye te vas, (4) een tiende van hul geld e gee (5) en drie keer per jaar ’n pelgrimsreis te maak.

(Johannes 3:36). “As julle nie glo dat Ek is (d.w.s. dat Jesus Christus die EK IS WAT EK IS in Eksodus 3:14 is nie), sal julle in julle sondes sterwe” (d.w.s. na die hel toe gaan)(Johannes 8:24).

3. Mense word alleen deur geloof geregverdig.

God het in Leviticus 18:5 gesê, “Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen, sal lewe.” Die Jode het gedink dat as hulle probeer om die wet⁵ so goed as moontlik te hou, hulle deur God geregverdig (vrygespreek) sou word en die Paradys sou beërwe⁶. Daarom het die Jode geprobeer om hul eie “geregtigheid” te bewerkstellig deur die wet van God so goed moontlik te onderhou.

Hierdie denkbeeld van die Jode was heeltemal verkeerd! Hulle het vergeet dat wat die God van die Bybel geëis het, nie was om te probeer om die wet so goed as moontlik te onderhou nie, maar om die wet van God *absoluut volledig en volmaak te gehoorsaam!* Niemand in die menslike geskiedenis is in staat om die wet van God absoluut volledig en volmaak te onderhou nie! Alle mense skiet tekort aan God se volmaakte standaard! Romeine 3:19-20 sê, “Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek (geregverdig) word nie.” Jakobus sê: “As iemand die hele wet onderhou, maar in één opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie” (Jakobus 2:10)! En Paulus sê: “Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: Daar rus ’n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie” (Galasiërs 3:10). Niemand sal deur te probeer om die wet te onderhou, geregverdig (gered) word nie, omdat daar niemand in die hele wêreldgeskiedenis is wat die wet absoluut volledig en volmaak gehou het nie, behalwe die Here Jesus Christus (Hebreërs 4:15).

“Christus is die einde van die wet” (Romeine 10:4) sodat mense God se geregtigheid mag ontvang, nie deur die wet te hou nie, maar deur te glo in Jesus Christus. Hy was sondeloos en het op volmaakte wyse alle vereistes van God se wet vervul! Wie in Jesus Christus glo, ontvang heeltemal verniet *die absoluut volmaakte geregtigheid van Jesus Christus*. Niemand kan sy *eie geregtigheid* verdien deur die wet van God te onderhou nie of deur goeie werke te doen nie. Daarom sê Romeine 3:28, “Ons betoog is dat ’n mens vrygespreek (geregverdig) word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie.”

Romeine 4:1-5 toon aan dat die Ou Testament nooit mense geleer het dat hulle deur die werke van die wet geregverdig sou kon word nie. Genesis 15:6 sê: “(Letterlik:) Abraham het in die Here geglo en die Here het dit hom tot geregtigheid gereken.” Beter dan die woord “gerekend” is die woord: “toegeskryf”, “toegereken”, “beskou”. Alhoewel godsdienstige mense voor ander mense roem op hulle werke van die wet, kan hulle nooit voor die God van die Bybel roem nie (sien Efesiërs 2:8-9)! God regverdig nooit mense wat hulleself regverdig nie, maar alleen mense wat in Jesus Christus glo!

Vergelyk wat Jesus hieroor sê:

“EK IS DIE WEG. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur my nie” (Johannes 14:6; sien Matteus 11:27-29).

“Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie” (Johannes 3:7, sien vers 3).

4. Mense wat deur geloof geregverdig is, het vrede met God.

’n Mens wat in Jesus Christus glo, het “vrede” met God.

- Eerstens beteken die woord “vrede” dat jy heeltemal seker is dat al jou sondes *in die verlede* vergewe is, dat jy in God se oë volkome regverdig is en met God versoen is (Romeine 5:1-2,10).
- Tweedens beteken die woord “vrede” dat alle kwaad *in die teenwoordige tyd* deur God oorstem word vir die Christen ten goede. Al die lyding wat hy deurmaak bewerkstellig volharding, karakter en hoop (Romeine 5:3-5; 8:28).
- Derdens beteken die woord “vrede” dat *die toekomstige gebeurtenisse* op die aarde die Christen nooit van God kan skei nie, dat hy van God se toekomstige toorn oor die sonde gevrywaar is en niemand en niks hom van God se liefde vir hom kan skei nie (Romeine 5:9,21; 8:37-39; vgl. Johannes 10:28).

5. Alhoewel die Ou-Testamentiese wet ’n mens nie kan regverdig nie, het die wet ’n belangrike funksie.

Niemand sal deur die wet te onderhou geregverdig (gered, verlos) word nie (Romeine 3:28)!

- Die wet funksioneer as “n spieël” waarin mense hul eie sondes leer herken (Romeine 3:20).
- Die wet funksioneer as “n vergrootglas” waardeur mense die omvang en kwaadaardigheid van hul sondes kan sien (Romeine 5:20).
- Die wet funksioneer as “n regter” wat alle mense *skuldig* verklaar en hulle verantwoordelik maak verantwoording aan God af te lê (Romeine 3:19).
- Die wet funksioneer as “n pedagoog” (ANV: toesighouer) op skool wat mense daarop wys dat hulle Christus en sy geregtigheid nodig het (Galasiërs 3:24).

⁵ “Die wet” bestaan uit (1) die morele wette in die Tien Gebooie (Eksodus 20:1-17), (2) die seremoniële wette as die besnydenis, die Sabbat, die wassing, die offerandes, die voedselwette, en die tiendes en (3) die burgerlike wette van Israel soos bv. die heilige oorloë voer, die wette m.b.t. kleding, huweliks- en egskeidingswette, die strafwette vir verkragting en steel, ens. Die godsdienstige leiers in Israel het 613 wette wat hulleself uitgedink het, aan die wet toegevoeg. Die wet word “Tora” in Hebreus genoem en “Sharia” in Arabies.

⁶ “Die Paradys beërwe” beteken: die ewige lewe beërwe; verlos word (sien Romeine 10:2-5)

- Die wet funksioneer as “n gids” wat mense wys hoe hulle as Christene behoort te lewe (Romeine 13:8-10).
- En die wet funksioneer as “n toom” wat alle soorte van kwaad in die mens betuel (1 Timoteüs 1:9-11).
- Maar die wet kan nooit funksioneer as ‘n middel om mense regverdig te maak nie (te verlos, red nie)!

6. Die regverdiging is onlosmaaklik verbode aan die heiliging.

“Regverdiging” beteken dat God ’n gelowige regverdig *verklaar* en daarna hom *beskou en behandel* as volledig en volmaak regverdig in sy oë op grond van die versoening wat Jesus Christus aan die kruis bewerkstellig het en wat die gelowige deur geloof met leë hande aangeneem het.

In Romeine 6 lê die nadruk van die woord “heiliging” nie op die proses om steeds meer heilig te word nie, maar eerder op die toestand eens en vir altyd geheilig te wees! Die Christen het eens en vir altyd met die sonde gebreek en hom eens en vir altyd aan die geregtigheid toegewy!

Romeine 6:5-7 leer dat elkeen wat deur geloof met Christus verenig is in sy dood, baie seker ook met Christus verenig sal word in sy opstanding! Deur geloof in Jesus Christus is “sy oue ek” met Christus aan die kruis gespyker, sodat sy fisies liggaam nie langer beheers word deur sy sondige natuur. Die dwingende slawerny aan die sonde is definitief gebreek! Paulus leer dat die ware aard en ontwerp (doel en vormgewing) van die Christendom is om nuwe lewe te produseer. Paulus toon aan dat die aard van hierdie vereniging met Jesus Christus so is dat dit onmoontlik is om deel te hê aan die voordele van die dood van Christus sonder om ook deel te hê aan die voordele van die opstanding van Christus! Deel hê aan die voordele van die opstanding van Christus beteken eerstens gelykvormig word aan Christus in ’n heilige lewe hier op hierdie aarde en tweedens gelykvormig word aan Christus in ’n lewe van heerlike onsterflikheid van gees (siel) en liggaam na die dood (Romeine 8:11). Beide maak deel uit van die nuwe lewe wat vanuit Christus vloei.

Eensyds leer Paulus dat dit onmoontlik vir ’n mens is om gelykvormig aan die dood van Christus te word sonder gelyktydig gelykvormig te word aan sy opstanding en lewe! Daar is ’n analogie tussen die *letterlike* dood en opstanding van Christus tweeduisend jaar gelede en die *geestelike* dood en opstanding van die Christen hier en nou op hierdie aarde! daar is ook ’n kousale verhouding tussen die dood en opstanding van Christus eensyds en die dood en opstanding van die Christen andersyds: Netsoos die opstanding van Christus die sekere gevolg is van sy dood, so is ’n heilig lewe van ’n Christen (d.w.s., sy opstanding met Christus) die sekere gevolg van sy regverdiging (vryspraak) (d.w.s., sy sterwe met Christus). Die opstanding van Jesus Christus maak die heiliging van die Christen baie seker! Die Christen het ’n deel in die lewe van Christus omdat hy ook ’n deel het in die dood van Christus.

Andersyds leer Paulus dat dit onmoontlik is vir ’n Christen om gelykvormig te word aan die lewe van Christus as hy nie gelykvormig word aan die dood van Christus nie! ’n Christen moet eers geregverdig word voor hy geheilig kan word! Netsoos die dood van Christus vóór sy opstanding plaasvind, so vind die regverdiging van die Christen plaas vóór sy heiliging! ’n Christen deel in die dood van Christus ten einde ook te kan deel in sy opstanding en lewe.

Dus leer die brief aan die Romeine dat die staat (toestand) van regverdiging en die staat (toestand) van heiliging onskiedbaar is! Die staat van heiliging lei tot die proses van heiliging. Die dood en opstanding van Jesus Christus maak die regverdiging en heiliging van die Christen absoluut seker. Deur geloof in Jesus Christus deel die Christen hier en nou in die dood en opstanding van Christus in Jerusalem tweeduisend jaar gelede!

7. Christene moet deur die Heilige Gees lewe.

“Lewe in die Gees” is nie ’n mistieke ervaring nie, maar ’n daaglikse konkrete verantwoordelikheid. Dit beteken dat die Christen voortdurend sy gedagtes moet rig op wat die Heilige Gees (die Gees van Christus) wil en verlang. D.w.s., hy rig sy gedagtes op wat die Bybel leer (Romeine 8:5; sien Johannes 14:26; 16:13-14; Efesiërs 6:17).

Dit beteken dat die Christen aan “die sondige praktyke (letterlik: die dade van sy liggaam)” ’n einde maak (letterlik: dood maak) (Romeine 8:13). Daarom spoor Romeine 6:13 en 19 die Christen aan om die lede van sy liggaam nie langer in diens te stel van die sonde as ’n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie, maar om hulle eerder in diens te stel van God as ’n werktuig van die geregtigheid wat tot heiligheid lei (ANV: om te doen wat God wil).⁷

8. God is die soewereine (almagtige) Heerser in alles.

God se soewereiniteit beteken dat God die Koning van die heelal is en dat niks en niemand Hom kan verhinder om sy plan met hierdie wêreld en met elke Christen volledig uit te voer nie.

- Alles wat daar op die aarde gebeur, gebruik God om ten goede mee te werk vir die Christen (Romeine 8:28). Dus, God is soewerein in sy goedheid.
- Alle mense wat God uitverkies het, sal gered (verlos) word (Romeine 8:29-30). Dus, God is soewerein in wie Hy red.
- Niks wat op die aarde gebeur, kan die Christen van God of sy liefde vir die Christen skei nie (Romeine 8:35-39)! Dus, God is ook soewerein in sy liefde.

⁷ Geregtigheid = doen wat reg is in die oë van God. Dit lei tot heiliging = ’n lewe wat hom *afkeer* van die sonde en *toewy* om te verander na Christus gelykvormigheid.

9. Mense word God se kinders op grond van wat God gedoen het.

- Mense word kinders van God, nie deur hul afkoms (omdat hul ouers Christene is nie), maar alleen op grond van *God se soewereine belofte* (Romeine 9:6-9).
- Mense word kinders van God, nie deur hul menslike verdienstes of godsdienstige en goeie werke nie, maar alleen op grond van *God se soewereine uitverkiesing en roeping* (Romeine 9:10-13; sien 2 Tessalonisense 2:13-14).
- Mense word kinders van God, nie deur hul menslike verlange, vrye wil of menslike inspanning nie, maar alleen op grond van *God se soewereine barmhartigheid* (Romeine 9:14-16, sien Romeine 9:18).

Dit is wat Jesus Christus bedoel as Hy sê: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie.” “Elkeen wat die Vader aan My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie” (Johannes 6:37,44,65).

10. God se plan is om sowel Jode as nie-Jode (heidene) te red (te regverdig).

Romeine 11:11-27.

- Die *verwerping* van ongelowige en ongehoorsame Jode (Israel) het gelei tot die *aanvaarding* van baie gelowige heidene (sien Handeling 13:44-48; Romeine 11:11).
- En die *aanvaarding* van die gelowige heidene lei tot die *aanvaarding* van baie gelowige Jode. “’n Groot menigte wat niemand kon tel nie uit elke nasie, stam, volk en taal (ingeslote Israel)” sal gered word (sien Openbaring 5:9-10; Openbaring 7:9-10).
- By die wederkoms van Christus sal “die volle getel” van (uitverkore) heidene en “die volle getal” van (uitverkore) Israel gelyktydig bereik word (Romeine 11:26-27).

Dus, alle mense wat God uit die heidene en uit die Jode in elke generasie in die geskiedenis uitverkore het, sal “geroep, geregverdig (gered, ANV: vrygespreek) en verheerlik word” (Romeine 8:29-30,33).

Maar ongelowige heidene en ongelowige Jode sal “van die wortel van die olyfboom uitgekap word” (Romeine 11:20-22) en “in die buitenste duisternis buite die koninkryk van God gegooi word” (Matteus 8:11-12; Openbaring 21:8). “Almal wat ander mense in sonde laat val (letterlik: struikelblokke) en almal wat die wet van God oortree” sal Hy uit sy koninkryk verwyder en in die brandende oond gooi (Matteus 13:41)! Die engele sal uitgaan en die slegtes van die goeie skei en hulle in die brandende oond gooi” (Matteus 13:49-50). “Die Koninkryk van God sal van hulle weggeneem word en hulle sal verpletter word (Matteus 21:43-44)!

11. God vereis dat Christene verander.

Alle Christene behoort voortdurend te verander en te groei tot steeds meer gelykvormigheid aan Christus (Romeine 12:1-3 en 13:14).

Die brief aan die Romeine leer:

- Alhoewel God die inisiatief met betrekking tot die verlossing (regverdiging) en lewe neem, elke Christen volledig verantwoordelik bly om op God se inisiatiewe te reageer.
- Daar bestaan geen goddelike uitverkiesing sonder menslike verantwoordelikheid nie. Die leer van die uitverkiesing van God mag nooit van die leer van die verantwoordelikheid van die mens geskei word nie.
- Daar bestaan geen staat van regverdiging sonder die staat van heiliging en die proses van heiligmaking nie. Die leer van die regverdiging mag nooit in die menslike gedagtes of in die daaglikse lewe van die leer van heiliging geskei word nie.
- ’n Christen kan alleen sekerheid van sy verlossing hê as hy in geloof en gehoorsaamheid bly lewe!

12. God eis dat Christene hulle onderwerp aan alle gesagsinstellings wat God ingestel het.

Alle Christene moet hulle onderwerp aan alle gesagsinstellings (Grieks: exousiai) van God in die Bybel (Romeine 13:1-7).

Die sewe gesagsinstellings van God in die Bybel is:

- Die gesag van God bo alles en almal (Openbaring 1:5; 19:16; 1 Korintiërs 15:24-28).
- Die gesag van die mens bo die geskape aarde (Genesis 1:28).
- Die gesag van die man oor die vrou in die christelike huwelik (Efesiërs 5:22-25) en in die Christelike Gemeente (1 Timoteüs 2:11-12).
- Die gesag van ouers oor hul onmondige kinders (Efesiërs 6:1-4).
- Die gesag van werkgewers oor hul werknemers (Efesiërs 6:5-9).
- Die gesag van die owerheid oor haar onderdane (Romeine 13:1-7; 1 Petrus 2:13-18).
- Die gesag van die raad van oudstes (kerkraad) oor die gemeentelede (Handeling 20:17,28; Hebreërs 13:17).

Alle burgers moet hul onderwerp aan die burgerlike owerheid wat oor hulle aangestel is, behalwe as die owerheid in stryd met die hoogste gesag (God) handel (Handeling 4:19-20; 5:29). Alle menslike gesag wat in stryd is met die goddelike gesag, moet op respekvolle wyse weerstaan word. Let op “die dier wat uit die see opkom”. Hy verteenwoordig Satan se antichristelike politieke mag in die wêreld (Openbaring 13:1-10).

13. God eis dat Christene mekaar met hul verskille aanvaar.

Die sterk Christene moet die gewetensbesware van swak Christene ernstig opneem in soverre hulle nie teenstrydig is met die waarheid in die Bybel nie. En die swak Christene moet die oortuigings van die sterk Christene respekteer, ook alleen in soverre hierdie oortuigings nie teenstrydig is met die waarheid in die Bybel nie (Romeine 14:1-15:13).